Lig

die Lig is goed
want God is Lig
die Lam die Lamp
helder in ons sig

die Môrester blink pragtig
by Hom die sewe sterre
tussen sewe goue lampe
skyn dit reeds van verre

geen nagwaak meer
die duisternis verdwyn
die Lig breek deur
sal altyd helder skyn

dag en nag, nag en dag
laat my loop, my lewe
as lig vir hierdie wêreld
altyd opwaarts strewe

die vuurvlam brand
die son se plig
in Hom as Lig
sien ons die lig

jan lubbe